Ouderdom: **Gr1-6**
Tema: **Brief van Christus**
Teks: **2 Kor 3:1-3**

'n Brief van Christus

Hulpmiddels:
'n Vel papier, pen/potlood, uitveër/tippex, koevert met 'n adres op, seël, skrywer (die aanbieder van die les self).
Skriflesing: 2 Korintiërs 3: 1- 3
Teks: Vers 3: "Julle is 'n brief van Christus."

Aanbieding: Stap 1:
Lok die kinders uit om al die hulpmiddels op te noem wat 'n mens nodig het om 'n brief te kan skryf. Wanneer 'n bepaalde item opgenoem word, haal dit uit die voorraad uit en hou dit voor die kinders op.

Stap 2:
Elke item word nou individueel aan die orde gestel en verduidelik.

*Papier: word uit hout gemaak. Die harde, splinterige, knoetserige hout moet gemaal en fyngekap word deur groot masjiene. Daaruit word houtpap en uiteindelik papier gemaak. 'n Mens kan op skoon, sagte papier baie duideliker (leesbaar) skryf as op 'n growwe stuk hout.
Toepassing:
Voordat die Heilige Gees 'n harde, growwe mens nie eers sag maak om hom soos klei te vorm nie, kan God nie sy liefdes boodskap duidelik genoeg op sy lewe skryf nie. Daarom moet ek eers my sonde bely en Jesus om vergifnis vra; dan kom woon die Heilige Gees in my om deur my te praat. Dit is 'n lewenslange proses (volgens **Jesaja 1:18**).

*Pen/potlood: 'n Pen gebruik ink en die ink kan opraak of 'n potlood se punt kan afbreek. Wanneer 'n pen of 'n potlood so geword het, kan jy nog daarmee skryf, maar niemand kan dit dan meer lees nie.
Toepassing:
Wanneer God my as 'n brief skryf, gebruik Hy nie ink nie. Sy Heilige Gees werk net soos ink. Die Heilige Gees vloei (as mens dit so kan verduidelik) deur ons hele liggaam en deur ons optrede kan mense dan iets agterkom ... iets lees! (**Galasiërs 5: 18, 25**)

*Uitveër/tippex: Enigeen wat skryf, kinders en grootmense, maak maar foute wanneer hulle skryf. Dan moet die foute uitgevee word om die regte woord te kan inskryf. Hiervoor kan hierdie instrumente gebruik word ... om foute te verwyder.
Toepassing:
As mense, groot en klein, maak ons elke dag foute. Die Bybel noem hierdie foute sonde. Nie een mens kan self hierdie sonde uitvee nie. Die bloed van Jesus werk soos

'n uitveër/tippex. Die Bybel sê dat as ons ons foute (sonde) na die uitveër (bloed) van Jesus bring (dit bely), dan maak Hy dit skoon (Psalm 103:12, Jakobus 1:8, 9), so skoon dat niemand dit meer kan raaksien nie. Al is ons kinders van die Here, maak ons steeds foute en daarom moet ons elke keer as dit gebeur, weer ons sonde laat uitvee, anders raak ons lewe deurmekaar en kan mense nie duidelik "lees" wat ons met ons lewe wil sê nie.

*Koevert: Die koevert maak die brief toe en binne-in die koevert reis die brief dan na sy bestemming. Die brief sal nooit gelees kan word as hy nie uit die koevert gehaal word nie.

Toepassing:

Ons mense met ons liggaam werk soos 'n koevert. As ons hart en verstand die papier is waarin God sy boodskap neerskryf, dan vervoer ons liggaam die boodskap net soos die koevert die brief vervoer. Die boodskap kan nie gelees of gehoor word as ek nie daaroor praat nie. Wanneer ek praat en optree, is ek soos 'n koevert wat oopgaan. Bly ek stil en sê of doen ek niks, is ek soos 'n toegemaakte brief wat nooit gelees word nie.

*Adres: 'n Adres op 'n brief sê vir die posbode waarheen dié brief moet gaan. Sonder 'n adres sal 'n brief op een plek bly lê totdat iemand dit later weggooi. Verder kies die brief nooit self waarheen hy gestuur wil word nie. Hy is maar net gewoon gewillig.

Toepassing:

Die adres waarheen God vir ons stuur, is enigeen wat in geestelike of materiële nood verkeer en 'n behoefte het aan 'n woord, Of van waarskuwing, Of van troos, Of van raad, ensovoorts. As sy brief het ek ook nie 'n keuse waarheen of na wie toe Hy my moet stuur nie. Ek het geen keuse nie!

*Seël: Die seël betaal vir die vervoer van die brief. Mense by die poskantoor moet betaal
word vir hulle diens om 'n brief van een plek na 'n ander te stuur.

Toepassing:

Wanneer God vir ons as sy briewe stuur, borg of betaal Hy op twee maniere self daarvoor. Eerstens gee Hy sy Gees wat ons die nodige krag gee (Handelinge 1:8). Tweedens gebruik Hy die dankoffers van sy kinders om die uitdra van sy Evangelie te borg.

*Skrywer: Iemand moet 'n brief skryf.
Enigeen wat 'n boodskap aan iemand anders wil stuur en bang is dit word vergeet of gaan verlore, skryf dit neer.

Toepassing:

God het ook 'n boodskap aan alle mense. Hy wil vir ons sê dat Hy vir ons liefhet, maar dat Hy nie sal toelaat dat sy liefde vertrap word nie ... Hy sal diegene straf. God het destyds gewone mense gebruik om onder leiding van die Heilige Gees sy Woord te skryf. Hy wou nie hê dat sy boodskap verlore gaan nie. Vandag skryf Hy nog steeds

deur mense wat onder leiding van die Heilige Gees vir andere van God se boodskap vertel en hulle leer. Paulus het namens God vir ongelowiges van Hom vertel en toe hulle tot geloof gekom het, hulle geleer om dissipels te wees.
Vandag skryf God deur ander Paulusse, byvoorbeeld die predikant, ouer, kategeet, gelowige onderwyser, ensovoorts.

*<u>Brief</u>**:** 'n Brief ontstaan dus wanneer iemand papier, pen, koevert, seël en adres bymekaar bring met die doel om daarmee 'n boodskap oor te dra.
Toepassing:
Daar is baie soorte briewe, byvoorbeeld 'n geselsbrief, liefdesbrief, inligtingsbrief, uitnodigings brief, waarskuwingsbrief, rekeninge, lasbriewe, skinder briewe, ensovoorts. Sommige briewe is goeie briewe en ander weer is slegte of gevaarlike briewe.

Wanneer die Bybel sê dat ons briewe is, dan beteken dit die volgende:

1. As *geselsbrief…* vertel ek vir mense van die gewone alledaagse voorregte en seëninge wat ek van God ontvang;
2. As *liefdesbrief…* vertel ek vir mense dat God werklik omgee en dat Hy mense liefhet net soos hulle is en dat Hy graag in 'n lewende verhouding met hulle wil leef;
3. As *inligtingsbrief*… vertel ek vir mense wie God is, wat Hy doen en kan doen en wat Hy van ons verlang;
4. As *uitnodigings brief (advertensie)* … nooi ek mense uit om hul bekommernisse/probleme na God te bring, om met Hom in 'n persoonlike verhouding te staan en hul sonde aan Hom oor te gee (**Openbaring 3:20, Jesaja 1:18)**;
5. As *waarskuwingsbrief …* help ek vir mense wat verkeerd optree om weer op die regte pad te kom (**Galasiërs 6:1-3).**

Sulke briewe moet ons wees.

God stuur ons nie as rekenings wat boekhou van mekaar se foute en sonde nie. Ook nie as lasbriewe om mekaar te veroordeel en te vervolg nie. Nog minder stuur God vir ons uit as skinder briewe om kwaad te praat van mekaar.
Die duiwel stuur sulke briewe uit!

Afsluiting:

- Watter soort brief is jy?
- Kan mense wanneer hulle jou sien, duidelik "lees" wat God deur jou vir hulle wil sê?
- Of is jou lewe so vol sonde (foute) dat alles deurmekaar en onleesbaar is?
- Is jy oopgemaak en uit jou koevert of bly jy stil?
- Is jy beskikbaar om deur enigeen gelees te word, sonder voorkeur/afkeur?

Wees 'n brief van Christus!